**DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG**

# Die Basuin



**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

**21 JULIE 2019**

**Tema 2019 - VOLUIT VIR GOD**

**OGGENDEREDIENS** — **Ds. Willem van der Merwe**

**Skriflesing** — 1 Petrus 1:1-12

**Tema** — Die lewende hoop en egte geloof is op God gerig - gefokus.



Psalm 66: 1,2
Skrifberyming 12-2: 5
Psalm 19: 4,6
Psalm 73: 7,10
Psalm 145: 1,11,12

EREDIENSTE VANDAG:

Oggend: 09H00
Aand : Geen

Deur die opstanding van Christus het ons deel aan die ewige lewe. Ons het 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike lewe. Mag die ontnugtering wat tans beleef word, deur die lewende hoop en egte geloof oorwin word.

*"Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word. En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word."*

***1 Petrus 1:3-5***

# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **21 Julie** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Thusofonds |
| **23 Julie** | **18H00** | Finanskommissievergadering | |

# KATKISASIE



Daar is katkisasie direk na die erediens. Al die jongmense moet asseblief in die konsistorie bymekaar kom vir die opening.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 21 JULIE 2019

**Diensbeurt:** Wyk A4 **Katkisasie:** Graad 5

**Ouderling:** Hendrik Venter **Diaken:** Peet Oosthuizen

# OOG VIR MEKAAR

- Ons innige meelewing en simpatie met Lenie Bothma wie se skoonseun Donderdagaand oorlede is. Troos vir julle gesin en familie word toegebid.
- Ons dink aan die volgende lidmate wat in die hospitaal is: Kudu Pretorius - skoueroperasie. Hannes vd Walt - are in die neus wat bars. Susan Engelbrecht - longontsteking. Ons bede is dat almal vinnig sal herstel.
- Die volgende lidmate is tans besig met behandeling - Gerdien Kuijpers en Hennie Oelofse.
- Ons bid vir Lida en Piet Borman. Mag die Here julle elke dag in Sy genade dra.
- Ons dink aan almal wat spanning ervaar rondom persoonlike sake soos finansies en verhoudinge. Ons bid vir julle en mag ons Vader julle deur Sy Gees bystaan en elke dag versterk.
- Ons dank aan ds Willem en Susan vd Merwe wat vandag die laaste keer hier preek. Baie dankie ds Willem vir jou boodskappe. Seën vir die prediking.

- Tialeen verjaar Donderdag en sy is nog met siekverlof tuis. Sy nooi die gemeente om saam met haar 'n koppie koffie/tee of 'n glasie sjerrie by haar te kom drink tussen 15:00 en 19:00
- Daar is geen Aanderediens nie weens ds. Sarel wat nog met verlof is. Aanddienste begin weer DV. 28 Julie.

## OUDERLINGE TER APPROBASIE

- Ben Bronkhorst
- Gerhard Smit
- Francois Pretorius
- Pieter Nagel

## DIAKENS TER APPROBASIE

- Ben Bronkhorst (jr)
- Joahn Erlank
- Theunis du Preez

## TEESKINKBEURTE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **21 Julie** | Adri Venter | B2 | **28 Julie** | Larochelle du Rand | C1 |
| | Elma Venter | B2 | | Megan vd Merwe | B4 |
| | Charlotte Groenewald | B3 | | Louisa vd Walt | B4 |
| | Valerie O'Reilly | B3 | | Carien Venter | B4 |
| | Chrisna Stander | B3 | | Karin du Rand | C1 |



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# BASAAR 30 AUGUSTUS

Ons hou basaar op Vrydag 30 Augustus. Almal wat wil stalletjies doen vir die aand is welkom. Alle kos stalletjies sal deur die kerk gedoen word maar enige ander stalletjies is welkom. Ons benodig egter vleis/wildsvleis vir die vleis tafel Skakel asb vir Jan-Carel (0795221992) indien jy enige skenkings kan doen. Ons vra ook gebak vir die koektafel en poedings vir die poeding tafel. Ons is ook opsoek na iemand wat bereid is om die stokworsie stalletjie te doen. Jy kan nou al vir Daleen laat weet wat u bereid is om te gee.



## BASAAR - WIT OLIFANT TAFEL

Die wit Olifant tafel vra skenkings uit die gemeente uit. Kombuisware wat nie gebruik word nie, klere wat nie meer gedra word nie ens. Jy kan die goedjies by die kerkkantoor kom afgee. Baie dankie !

## JEUGAKSIE - 09 AUGUSTUS

Al die kinders word hartlik uitgenooi om Vrydag vanaf 09h00-13h00 saam ons te kom geniet! Ons gaan lekker speletjies speel en worsbroodjies eet. Jy is welkom om jou maatjie saam te bring. As jy saam wil kom, skryf asb. jou en jou maatjie se naam op die kennisgewingbord. Hoop ons sien julle almal daar!

## GEMEENTEKAMP 20-22 SEPTEMBER

Die lys is op die kennisgewingbord.  Bespreek jou plek vroegtydig.  Betalings kan solank gedoen word in die Aktiwiteitskommissie rekening of u kan by Daleen betaal.

## KOM LEER NOORD-SOTHO [SEPEDI]

As jy graag Sepedi wil leer het jy nou die geleentheid. Verbreed jou kennis en maak kommunikasie makliker met die grootste taalgroep in Limpopo. Jy leer die taal lees, skryf en praat. Indien jy belangstel skakel 082 460 3237 vir meer besonderhede.

## SILWERDOPPERS KOEKSISTER PROJEK

Ons bak weer koeksisters op Vrydag 02 Augustus 2019 ten bate van die Silwerdoppers en skenkings uit die gemeente sal waardeer word. Op die kennisgewingbord is 'n lys van bestanddele wat benodig word. Skryf gerus u naam daarop. Hulp sal ook waardeer word. Kontak asseblief vir Dina by 082 309 4418 en vir Cassie by 081 354 3400 vir enige navrae. Bestellings kan op kennisgewingbord geskryf word.



# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Elzanne Botha (076 572 0991) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# KALENDER

| *Verjaarsdae* | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So. - 21 Jul. | Cora Venter * | B | 073 153 9543 |
| Ma. - 22 Jul. | Zach Pretorius | D | 083 686 4256 |
| | Niki Pretorius | D | 082 748 5841 |
| Wo. - 24 Jul. | Gerhard Smit | B | 079 779 1063 |
| Do. - 25 Jul. | Sonja Fourie | B | 079 595 9969 |
| | Anna Nel | B | 083 696 9089 |
| | Ans vd Walt ***(94) | B | 082 454 4211 |
| | Tialeen Venter | B | 084 800 0552 |
| Vr. - 26 Jul. | Zelda Erasmus | B | 071 886 1764 |
| | Hennie Oelofse | B | 083 629 9649 |
| | Karien vd Merwe | B | 082 562 4231 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 27 Jul 1972 | Hennie & Hester Korff | 47 | 072 190 2991 |

## BEROEPENUUS

### BEROEPE BEDANK

Ds FJ Potgieter (Fritz) van Bloemfontein-Suid na Rietvallei as medeleraar

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Elzánne Botha<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Elzánne Botha<br>015 296 0054<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br>Marisa Linde<br>083 408 2100<br>Renchia Grobbelaar<br>072 634 3442 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas**<br><br>**Diakonie**<br><br>**Koningskinders**<br><br>**Geref. Susters Org. Pietersburg**<br><br>**Aktiwiteitskommissie** | <br><br>ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings"*

*1 Petrus 1 : 7*

***Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS